# Skryfvaardighede
## Soorte tekste


## Skryf ’n paragraaf of opstel

As jy jou eie opstel of paragraaf skryf, word jy gedwing om jou eie taalvermoë en spelling te gebruik. Om ’n goeie skryfstuk te produseer, moet jy deur ’n hele paar stappe werk. Kyk na die beskrywing hieronder om seker te maak dat jy die beste moontlike skryfwerk lewer.

| Stappe van skryfproses | Hoe jy dit moet doen | |
|---|---|---|
| Beplanning (pre-skryf) | Dink aan die struktuur of formaat van die stuk wat jy moet skryf, bv. ’n paragraaf of ’n opstel. | ’n Opstel gaan ’n inleidingsparagraaf hê. ’ n Paragraaf gaan ’n inleidingsin of twee hê. Maak eers ’n diagram. Gee vir jouself ’n visuele idee van hoe jou skryfstuk gaan lyk. |
| Skryf ’n konsep | Besluit wat jou belangrikste idees is. Kies die beste woorde. Skryf jou eerste probeerslag. | Dink die hele tyd aan jou taalgebruik asook wat jy uiteindelik wil bereik. |
| Hersiening en redigering | Lees wat jy geskryf het en bekyk dit krities. | Verander jou woordkeuse. Kontroleer jou leestekengebruik, spelling en taalgebruik noukeurig. |
| Proeflees en aanbieding | Kyk weer na jou skryfstuk wat jy verbeter het. Gee dit in as jy tevrede is met die kwaliteit daarvan. | Jy kan met ’n maat ruil, dat julle mekaar se skryfstukke lees om moontlike foute uit te skakel. |

**Stap 1: Beplanning**

Skryf ’n paragraaf (100 – 110 woorde) oor ’n dag in jou lewe wat jy nooit sal vergeet nie. Beplan deur middel van ’n kopkaart.




**Wenke**

Maak seker dat jy genoeg tyd aan jou beplanning afstaan. Dit is ’n belangrike deel van jou skryfwerk. Jy kan ook nie ’n goeie opstel of paragraaf skryf as jy nie jou taalreëls goed ken nie.


© Oxford University Press Southern Africa

**Stap 2: Skryf 'n konsep**
Skryf jou eerste probeerslag.

Ek het goed nuus gekry, want een aand my ma en pa het gesê ek 'n bababoetie sal gehê. Ek baie opgewonde was. My ma moet gaan in die hospitaal te het die baba. Ek is baie bang. In die klas die skoolhoof kom roep vir ek, want hom kom te my haal. My pa sê: "In die motor klim. Ons toe die hospital gaan." Ek is scared, want ek nie weet as ek van die baba sal like. Ons het by die hospitaal kom, dan my pa neem my na my ma. Sy hold 'n klein bundle in haar se arms. Sy gee hom te my. Ek hou vas my nuwe bababoetie en ek geweet dit was die best dag van my leef.

**Stap 3: Hersien en redigeer**
Kyk na die foute in die paragraaf en probeer dit verbeter. Skryf die paragraaf hieronder oor en probeer al die foute korrigeer.

___

___

___

___

___

___

___

___

___

**Stap 4: Proeflees en aanbieding**
Lees weer deur jou eie skryfwerk en maak seker dat jy moeite gedoen het om al die foute uit te skakel.

Skryf nou jou eie paragraaf met die titel: *My beste dag op skool ooit*. Gebruik die woordelys om jou met woordeskat te help. Onthou om al die stappe te volg.

### Wenke

- Dink versigtig oor die onderwerp: Wat was jou beste dag? Toe jy jou beste vriend ontmoet het, toe jy volpunte vir jou toets gekry het, of toe jy die tennisspan gehaal het?
- Maak seker dat jy al jou taalfoute regmaak.
- Maak seker dat jou woordorde, tye, negatiewe vorme en leestekens korrek gebruik is.

### Ken die woorde

belangrike dag – *important day*
beste dag ooit – *best day ever*
eerste – *first*
genotvol – *enjoyable*
lank gewag – *waited for ages*
lank gewag – *waited for long*
onderwyser – *teacher*
onthou – *remember*
onvergeetlik – *unforgetable*
opwindend – *exciting*
verstaan – *understand*
vriende/maats – *friends*
wonderlik – *wonderful*